

27 Augustus

Jona 2:6-10

Hulp kom net van die Here af

Nadat die vis vir Jona ingesluk het, is die eerste wat hy doen om tot die Here in sy nood te bid. Jona begryp dat hy nie homself kan red nie; dat hy nie met eie kragte na God kan opklim nie. Dit is alleen God wat moet neerbuig om uit genade weer op te tel. Daarom is gebed as 'n roepstem om hulp so noodsaaklik. In sy nood ervaar Jona die sekerheid van gebedsverhoring. Drie maal noem Jona dit dat die Here sy gebed verhoor het (vergelyk verse 2 en 7). Vir 'n gelowige is sy opregte gebed in nood nooit 'n waagstuk nie. Jy bid nie tot 'n veraf God nie, maar tot 'n barmhartige Vader wat sy kinders altyd sien en hulle noodroepes hoor.

Hy erken in vers 4 dat hy hom van God verstote gevoel het en dat hy gedink het dat God hom nie meer kon sien nie. Maar in die donkerte het hy aan die Here gedink (vers 7) en daarmee breek die lig van die geloof deur. Dit bring die sekerheid dat hy weer die Here se genade sal beleef. Twee maal verwys Jona na die Here se heilige tempel (vers 4 en 7). Die gelowiges in die Ou Testamentiese tyd het die tempel geken as die plek van die Here se nabyheid en genade. In sy benoudheid ervaar Jona dus die Here se teenwoordigheid en met die lig van die geloof kyk hy verby die donkerte en sien God raak.

Wat 'n verandering het daar nie in Jona se gesindheid gekom nie! Hy was bereid om van die Here af weg te vlug om nie die heidene van Nineve te gaan waarsku nie. Nou dink hy aan die heidene met 'n gevoel van jammerte in sy hart (vergelyk vers 8).

Sing Psalm 147:7

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)